# 19 Maart 2024 - Lesing 265 - Wenke van Abba Vader vir die eindtyd - Deel 3

***Aan Bertha Dudde deur die innerlike Woord***

Die motivering van die katastrofe - 17/2/62

**NO: 8104** In die laaste tyd voor die einde sal Ek ‘n groot mate van genade uitgiet oor die mense, want Ek ken hul swakheid. Ek is op hoogte van hul geestelike duisternis, van hul neiging tot die aardse wêreld en hul **verlange na aardse rykdom, eer en roem**.

Ek weet dat hulle gevange gehou word deur My teenstander en hulle deur hul swakheid hulleself nie uit sy kloue kan bevry nie. En daarom probeer Ek om die mense hulp te bring op verskillende maniere, want elke mens het bystand nodig in sy geestelike nood.

Maar Ek weet ook wat elke mens persoonlik nodig het en versorg elkeen afsonderlik namate hy ingestel is **teenoor die lewe self of teenoor My**, want Ek wil elkeen afsonderlik vir My wen.

Die mense weet egter nie dat My teenstander hulle gevange hou as hulle aardse goedere begeer nie, want hulle weet nie van die eintlike doel van hul bestaan op aarde nie en daarom probeer hulle ook nie aan sy mag ontvlug nie.

En hierdie mense wat met al hul sinne vasgeheg sit aan die materie, moet Ek op besondere wyse te hulp kom, **maar hierdie hulp word nie deur hulle herken nie.** Ek moet dus **besittings en goedere van hulle wegneem**, Ek moet hulle in omstandighede laat kom waarin hulle die verganklikheid leer insien van alles wat aan die wêreld behoort.

Ek moet hulle dus leer om hul eie magteloosheid in te sien, sodat hulle in hul onmag en nood aan My sal dink **en My dan bewustelik om hulp sal vra**. Want Ek wil nog dat hulle My vind, hulle wie My in die wêreld nie gevind het nie en ook moeilik kon vind. Hierdie openbaring van My sal die mense wel smartlik beroer, maar Ek kan hulle nie anders wegruk uit hul onverskilligheid nie.

En tog is ook hierdie openbaring ‘n genade in die eindtyd, want ‘n innige gebed tot My en die verhoring daarvan kan die mens nog tot My laat keer en maak dat hy nie meer van My af weggaan nie, vanaf die oomblik dat hy vra om My leiding en homself toevertrou aan My. En dan het Ek hom gewen en aan die teenstander ontruk, wat dan sy mag oor hom verloor het.

Julle mense wil in die natuurgebeure van allerlei aard slegs die verwoesting sien **en ligtelik daaroor oordeel**, solank julle nie self daardeur getref was nie. Maar niks gebeur sonder My wil of toelating nie, daaraan sal julle steeds moet dink wanneer julle hoor van besondere gebeurtenisse waarby die lewe en die besittings van mense in gevaar is.

Gebeurtenisse waarby die mense magteloos staan en self maar net na mate van hulle swak kragte kan help. Maar Ek is op hoogte van die wil van elke mens, dus ook van die moontlikheid om dwalende siele op die regte weg na My te toon. En Ek sal My waarlik bekommer oor elke mens wat in gees en waarheid tot My bid en om My hulp smeek

En die tyd van die einde gee aanleiding tot sulke gebeurtenisse wat geen menslike wil kan teëhou, as Ek dit bepaal het nie. En nog dikwels sal julle mense oorgelewer wees aan die woede van die natuurgeweld.

Selde egter sal julle **My liefdevolle voorsorg daarin sien vir julle siele** wat hulleself in groot gevaar bevind. Ek wil julle slegs help om julleself los te maak van My teenstander, wat moet geskied deur ‘n innige smekende roep tot My, waardeur julle My sal erken as julle God en Skepper en ook deur die insien van die verganklikheid van alles wat nog aan My teenstander behoort.

Probeer julle dus vry te maak van die verlange na aardse materie, na goedere van allerlei aard, want wat julle nodig het, **sal julle te alle tye ontvang as julle julleself met My verbind**, as julle julle eintlike lewenstaak herken en probeer nakom.

Laat julle egter nie gevange neem deur My teenstander nie, wie vir julle die dinge van die wêreld so begeerlik voor oë stel dat Ek Self moet ingryp om aan julle te wys dat julle dit te alle tye kan verloor, as dit My wil is. **Dit kom vir julle voor as ‘n smartlike ingryping, maar dit kan tot seën wees**. Want Hy wat van julle neem, kan julle ook weer op enige moment gee. En Hy sal ook elkeen bystaan in sy nood, wie homself in volle geloof aan Hom oorgee en om Sy hulp vra.

Maar herken in elke natuurgebeurtenis steeds My wil, wat waarlik deur My Liefde en wysheid bepaal is en waarom alles tot seën sal wees as julle die regte houding vind tot My **en die ware lewensdoel op aarde insien.**

Dan sal julle steeds nader aan My kom en alles wat Ek oor die mense laat kom, sien as genadegawes. Want dit is die tyd van die einde. Amein.